

## Groot uitbreiding in vleisproduksie verwag

**DIE** internasionale produksie van vleis sal in die volgende tien jaar na verwagting met 14% uitbrei, wat in voortgesette produktiwiteitverhogings weerspieël sal word, asook in kudde-uitbreidings in die Amerikas, China en Afrika.

Dit luidens die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) in sy jongste weergawe van die BFAP-basislyn. Die basislyn bied 'n vooruitskouing van landbouproduksie, verbruik, pryse en handel in Suid-Afrika vir die tydperk 2021 tot 2030.

Die inwerkingstelling van talle prosesse wat dieregesondheid, mededingendheid, marktoegang en inklusiwiteit saamvoeg, kan tot 'n drastiese versnelling van vleisproduksie in Suid-Afrika lei.

Hieronder is 'n uiteensetting van BFAP se verwagtinge vir die vleisbedryf.

### DIE BEESVLEISBEDRYF

Beesvleis is gewild onder Suid-Afrikaanse verbruikers. Ondanks snelle groei in uitvoer van 2012 tot 2015 het volumes intussen gestabiliseer teen ongeveer 5% van produksie. Terwyl die volume klein is, bestaan uitvoer tipies uit premielams- en skaapvleissnitte wat uitgevoer word. Dit ondersteun boere en stel hulle in staat om die res van die karkas aan die plaaslike en streeksmark te lewer. Die streeksmark bestaan uit 'n reeks beesvleisprodukte wat bekostigbaarder is en hoërwaarde-produkte op handelsvlak bied.

Verbruikers is egter gevoelig oor prys soos wat ná 2016 gesien

is toe daar 'n afname in plaaslike verbruiksvlakke was ná die droogte tot skerp prysstygings gelei het. Die uitwerking van die huidige pogings om kuddes te herbou, sal na verwagting oor die volgende drie jaar in produksievolumes weerspieël word, terwyl huidige voorsieningsbeperkings verlig sal word en verdere prysstygings onder algemene inflasievlakke sal wees.

Saam met die herstel in verbruikerskoopkrag, sal dit 'n groei van 13% in verbruik oor die tienjaar-periode tot 2030 moontlik maak.

Soos produsente voortgaan om kuddes te herbou en voorsiening beperk word, het beesvleispryse skerp gestyg.

Dit sal na verwagting in 2021 6% hoër wees as wat die geval in 2020 was.

Dit is egter onvoldoende om die styging in voergraanpryse te verreken, met 'n gevolglike verdere verswakking van die beesvleisprys tot mielies-prysratio, wat 'n basiese aanduiding van winsgewendheid is.

Van volgende jaar af behoort dié ratio te verbeter namate voerpryse normaliseer tot vlakke wat vergelykbaar is met 2011, ver onder die hoogtepunte in 2017, maar voldoende om oor die komende dekade tot 'n jaarlikse groei van 1,6% in produksievlakke te lei.

Die beesvleisbedryf het in die afgelope tien jaar daarin geslaag om van 'n netto invoerder in 'n netto uitvoerder te verander. Sy mark is vergroot tot meer as net die beperkte plaaslike mark.

Die bedryf se mededingend-

heid in die uitvoermark sal verder bevoordeel word deur die volgehoue swak wisselkoers, maar die konstante risiko van siekte-uitbrekings en die implikasies wat dit vir marktoegang inhou, verminder die aanspooring om in grootskeeps uitbreidings wat op uitvoer gemik is, te belê.

Die toepassing van die veterinêre strategie is uiters belangrik om dieresiektes beter te bestuur, asook die volle inwerkingstelling van 'n identifikasie- en naspourbaarheidstelsel. So 'n stelsel bestaan in die vorm van Lits SA. As dit suksesvol toegepas word, kan uitvoer aansienlik groei, terwyl ontwikkelende produsente terselfdertyd in staat gestel sal word om bykomende speenkalwers te lewer.

Vooruitskattings dui daarop dat 'n bykomende R8,2 miljard tot die bruto waarde van produksie bokant die basislyn gevoeg kan word teen 2030.

### DIE LAMSVLEISBEDRYF

Lammerpryse het in 2020 met 15,7% verhoog ondanks die laer wêreldprys en swakker koopkrag van die verbruiker. Die styging is gerugsteun deur voorsieningsbeperkings voortspruitend uit 'n kombinasie van die styging van 90% in die uitvoer van lewende skape om 'n geskatte totaal van 152 000 diere te bereik en 'n afname van 47% in lewende skaapuitvoer van hoofsaaklik Namibië. Boonop is die nasionale skaapkudde in 'n herbouingsfase ná 'n uitgerekte droogte in 'n aantal skaapproduksiegebiede.

Hoër lams- en skaapvleispryse is ook in die eerste kwart van 2021 behaal, ondanks 'n sterker rand. Daar is verwag dat hoër pryse tot produksie-uitbreidings sou lei, maar die voortgesette probleme wat met veediefstal en roofdiere in veral ekstensiewe produksiestelsels verband hou, bly 'n beperkende faktor. Dit sal daartoe lei dat produksievolumes in die komende dekade gekonsolideer word.

Die grootte en volhoubaarheid van die uitvoermark vir lewende skape bly onseker.

Prysgedrewe uitbreidings deur middel van intensiewer produksiestelsels is moontlik, maar dit sal aansienlike kapitaalbeleggings vereis.

In die toekoms sal toenemende invoer van Namibië, wat tans ook in 'n kuddebou fase is, plaaslike pryse na verwagting op mediumtermyn beperk.

Dit kan verdere aanspooring vir sulke beleggings verminder. 'n Groei in die plaaslike vraag sal oor die basislynperiode swak wees weens die langdurige aard van die ekonomiese herstel en die hoë prys van lamsvleis relatief tot ander vleistipes.

As daar enige groei in die bedryf gesien wil word, sal die klem na die uitvoermark moet verskuif. Net soos in die geval van beesvleis, kan die uitvoer van hoërwaarde premielams- en skaapvleissnitte die winsgewendheid van die waardeketting ondersteun, terwyl meer bekostigbare produkte aan plaaslike verbruikers van die res van die karkasse beskikbaar sal wees. **LBW**

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.

RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102

E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) | WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)